BEROEPENUUS– (16 Junie 2013)
Beroepe ontvang
Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Koster
Beroepe aanvaar
Beroepe bedank
Dr. GJ Meijer van Pretoria Oos-Moot na Heidelberg

Is mense ryp vir gereformeerde getuienis? (Prof. GJC Jordaan)

Die samelewing ryp vir 'n gereformeerde getuienis? *(vervolg van verlede week)*

Ook word alle vorme van gesag bevraagteken, verwerp en selfs afgetakel. Die mens van die humanisme het mos nie inherente boosheid wat beteuel moet word nie: hy is mondig om self te besluit wat hy wil en mag. Daarom het hy nie owerhede en gesag oor hom nodig nie. By 'n samelewing wat deur sulke humanistiese denke deursuur is, val elke eg gereformeerde getuienis op dowe ore. Mense wat vyandig staan teenoor die gedagte dat die mens in homself verdorwe is, verwerp ook die res by voorbaat. Dit lyk werklik of die Suid-Afrikaanse samelewing nie ryp is vir 'n gereformeerde getuienis nie.

Die tyd wel ryp vir 'n gereformeerde getuienis

En tog leer die Here Jesus sy dissipels dat die oes groot is en die arbeiders min (Luk. 10:2). Ja werklik, die oes staan ryp op die lande. Juis in ''n tyd van vyandigheid teenoor die gereformeerde leer is die tyd ryp om van die waarheid te getuig. Kom ons stel dit duidelik: die Suid-Afrikaanse samelewing is ryper as ooit vir 'n gereformeerde getuienis! Hoe dan gemaak om ons getuienis te laat hoor? Moet ons die gereformeerde leer op die punt van die verdorwenheid van die mens so 'n bietjie afskaal ten einde dit meer aanvaarbaar te maak? Daar is gereformeerdes wat blykbaar so iets oorweeg. Dit sien 'n mens in enkele stemme wat opgaan teen die leer van die verdorwenheid van die mens. Maar dit kan tog nie? Diegene wat so 'n weg wil opgaan, is self nie ryp om 'n gereformeerde getuienis te lewer nie. 'n Halwe waarheid is immers erger as 'n leuen. SLOT

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

16/06– Conrad Burger 0544311035	17/06– Natasha Venter 0795166788
16/06– Tjaart (TAP) de Beer 0826666139	18/06– Mariet van den Berg 0832782152
16/06– ds. Hennie de Villiers 0761734857	20/06– Jannie van Zyl 0826543723
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk m met u verjaarsdag

Juis die geluk wat ek binnekant mis—in my werk, in my huis, in my hart—soek ek daarbuite en soek ek daar tevergeefs –CJ Langenhoven

Die Krugertjie

16 Junie 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing:1 Thessalonicense 5:1-11
Teks: 1 Thessalonicense 5:3-5
Sing: Ps.68:1,13; Ps. 103:2; Ps. 34:8; Ps. 105:11,23

ONS PLEK EN ONS HOUDING

Ons kan nie ons sterfdag bepaal nie, ons kan ook nie die datum van die wederkoms bepaal nie, dit is alles groot dinge heeltemal buite ons beheer, maar kyk na die dinge wat God wel binne jou beheer geplaas het.

Kyk na jouself, kyk na die kerk waar jy kind van God is, kyk na die wêreld waarbinne jy leef, kyk na die toestand waarbinne ons verkeer, dan sal jy besef ek het baie om voor te lewe, maar ek moet rég lewe. Daar is dinge waarvoor ons verantwoordelikheid moet aanvaar.

Die gemeente waarin ek is, moet onderskei kan word van wat in die res van die stad aan die gang is.

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort.

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Psalm 42 en Psalm 73
Dordtse Leerreëls: Hoofstuk 5 Paragraaf 9-11
Teks: Psalm 42:6, 12
Sing: Ps. 42:6,7; Ps. 73:5,10; Ps. 42:5

STRYD, VERTWYFELING EN VERSOEKINGE

Psalm 42 beskryf die *stryd* van die geloof. Twéé keer lees ons die refrein*: Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my*. In die vraag sit 'n element van verbasing.

Waarom is ek so? Waarom is ek neerslagtig en onrustig? Is dit nie vreemd nie? Ek het tog 'n almagtige en getroue God? Ek het tog sy betroubare woorde? Hy is tog naby hulle wat Hom aanroep? Waarom dan die rusteloosheid?

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 11 en 12
Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smith
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

Volgende Sondag– Wyke 14 en 16
Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf Bester
Diakens: Abrie Möller

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Lenie Labuschagne is voorverlede week oorlede. Haar kinders en familie word die troos van die Heilige Gees toegebid. So ook vir **br. Danie Theunissen en gesin en familie** waar br. Danie se oudste suster ook oorlede is. Ons dink aan hulle waar hulle die jaar al so dikwels langs n oop graf moes staan. **Sr Jansie van Tonder,** ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is op die oomblik wonderbaarlik beter. Sy sterk aan in 'n kliniek in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe. **Br Piet van der Kooi** is wel uit die hospital ontslaan. Hy is nou in Vergenoeg. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Sr Marietjie Minnaar** se rug het met tye ook weer seer begin word. Ons dink aan haar en mag die Here gee dat daar vir haar volhoubaar beterskap mag wees. **Sr Petro Riphagen** word volle herstel toegebid na sy in die hospitaal met trombose in die arm was. Dit is nog seer maar daar is merkbare verbetering. **Br. Lukas Huisman** is terug by die werk. Hy moet egter nog weer vir opvolgondersoeke gaan. Ons vertrou dat alles vir hom goed mag verloop. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegebid. **Br Jan du Plessis** is besig om na sy knieoperasie te herstel. Dit is maar 'n seer en stadige proses. Ons vertrou dat dit 'n sukses mag wees en hy volkome mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. . **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Teologiese Biblioteek Instand-houding
23/06/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Teologiese Biblioteek Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
21/06	Skole sluit
15/07	Skole begin
19/07	Vergd met deputate Leerstellig
20/07	Diakonie-kamp
22/07	Vergd Deputate Ekumenisiteit

SUSTERS-

BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Met groot dank aan almal wat bestanddele geskenk het, is die susters dankbaar dat dit voldoende is. Die proses om beskuit te bak kon reeds begin...

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

MATTHEUS – AAN DIE HAND VAN TOTIUS– verwerk deur ds. H.T. de Villiers

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 4:10

Satan word by sy naam genoem om aan hom te sê dat hy God se teenstander is en nie God Self nie. Die duiwel het **geen aanspraak op die wêreld** nie, *soos hy lank tevore gedink het dat hy homself besitter van Dawid se koninkryk kan maak (I Kron 21:1). Oor die gebeure in Dawid se tyd, met die volkstellery, sê Totius: "Hier, dink Satan, is `n vonk wat aangeblaas behoort te word; hier `n deur wat oopgestoot kan word; hier `n hart wat besit moet word." Totius trek die lyne in `n preek in 1914 deur na ons eie tye se dekadente magte en die aanporring om oorlog te maak. "Agter die sonde van Europa sit* die hel. *Dit is Christennasies wat veg, maar die Satan jubel . . . Watter buit vir die Satan! Watter prooi vir die hel ! Hoe word nou bymekaargeraap en weggesleep na die afgrond!"*

So sien ons die Bose in sy stryd om die volkere se hart. Daarom kon Prof PW Buys in `n preek oor Daniël 10 wys op Satan se gesante, soos bv die "vors" van die Perse (Dan 10:13), wat die engel teenstaan wat God stuur om Daniël se gebed te antwoord. Satan hou homself wel voor as koning van die aarde, en Antichris sal in die tempel van God wil sit en praat asof hy God is (2 Thess 2:4).

4:11. Laat staan – Dit was tydelik dat Satan gewyk het, want deur Jesus se hele openbare optrede het Satan mense gebruik om Hom te versoek, soos ook aan die kruis. Satan gaan weg, omdat Jesus se antwoord eintlik `n gesagsvolle bevel is.

Aangesien die engele nie moes inmeng met die konfrontasie wat Satan met Jesus gesoek het nie, was hulle teruggehou deur wat moes gebeur. Hulle kon nie inmeng met die werk wat Jesus **na Sy mensheid** moes verrig nie. Hy Self moes Satan weerstaan en verslaan.

Hom gedien – Of dit geestelike of liggaamlike bystand was, word nie gesê nie. Waarskynlik het die engele Jesus op beide wyses gedien. Hulle bedien Hom as die oorwinnende Christus, ná hierdie eerste oorwinning, na Sy mensheid, oor Satan.

4:12-25. Jesus se amptelike optrede begin

Eintlik lees ons eers in v 17 van die werklike begin, want vooraf word op nog `n vervulde profesie gewys.

4:12-16

Gaan woon – Dat Herodus Antipas, broer van Archelaüs, Johannes die Doper laat vang het, was omdat sy vrou, Herodias, Johannes gehaat het. (Dit was omdat Johannes Herodus en haar egbrekery veroordeel het.) Daar word gemeen dat Herodus Johannes eerder in beskermende aanhouding wou hê **teen** Herodias. Hy was bygelowig bang vir Johannes en tersefder tyd bang vir opstand deur die volk. Die presiese tye waarop Johannes die Doper gevang is en van Jesus se verblyf op verskillende plekke word nie gegee nie. Dus is dit nie belangrik nie.

Kapernaüm - `n Vissershawe aan die See van Galiliea, ook Meer van Genesareth genoem. Dit was een van die belangrikste handelsdorpe van die omgewing. Dit was op die handelsroete van die Middellandse See na Damaskus. `n Strategiese plek om Jesus se bediening te begin.

Daar word selfs bespiegel dat Josef in daardie tyd oorlede is, en Jesus sy moeder Maria by familie of vriende in Kapernaüm gaan vestig het. Ook dit word nie vermeld nie, as minder belangrik.

Vervul – Matth wys op nog `n vervulde profesie. Jes 8:23 en 9:1 word aangehaal om te wys dat die seën van die Beloofde uit daardie landstreke sou kom.

Galilea van die heidene – Dit was omring van heidenvolke, en die landstreek het selfs in die ou tye reeds Arameërs, Arabiere en andere gehad wat tussen die Israeliete gewoon het. Hier word dus ook deur God al `n deur na die heidene ontsluit, wat beslis ook van Jesus sou kennis neem.

Groot lig – Soos in Johannes 1, word Jesus die Lig genoem, wat sou kom skyn oor die mensheid wat in die duisternis van die sonde gevange is. Die Doper se pa, Sagaria, sing ook van hierdie profesie (Luk 1:78-79). *Hierdie lig is dan die Koninkryk van die hemele se koms wat vervul is. In Galilea het nie soveel die wettiese stemming van Judea beheers nie, maar "`n hoopvolle stemming" het die mense besiel.*

4:17. Die Ampswerk begin

Van die tyd af dat Hy in Kapernaüm gaan bly het, het Jesus begin preek. **Bekeer -** Hy begin daarmee, deur aan te sluit by die Doper se prediking. Die kern is dat die Koninkryk van die hemele naby gekom het. BVA sê daarvan dat "die onmiddelike heerskappy van God nou deurgebreek het." Johannes preek oor die verwagting, Jesus oor die vervulling van hierdie woorde. *word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

31 Mei 1567– Guido de Bres opsteller NGB opgehang ; *31 Mei 1902*- Vrede van Vereeniging; *31 Mei 1910*– Unie van Suid-Afrika kom tot stand; *31 Mei 1961*– Republiek van Suid-Afrika kom tot stand; *1 Jun. 1886*— Eerste sooi omgespit van Delagoabaai spoorweg; *5 Jun. 1652*– Eerste blanke kind in Suid-Afrika gebore; *10 Jun. 1855*-Verkiesing J Boshoff pres van die Vrystaat; *10 Jun. 1840*- Ds. Dirk Postma geëksamineer en beroepbaar gestel; *24 Jun. 1881*– Mev. Maria du Toit (Postma –egg Totius) gebore